



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	
--------------	--

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013 GRAAD 9 AFRIKAANS HUISTAAL TOETS

PUNTE: 85

TYD: 2½ uur

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 9A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
-------------	--

DOGTER	
---------------	--

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 27 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Die toets duur 2½ uur.
4. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Oefenvoorbeeld vir meervoudigekeuse-vrae

Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Waar kom die son op?

- A Die son kom in die weste op.
- B Die son kom in die ooste op.
- C Die son kom in die noorde op.
- D Die son kom in die suide op.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy B omkring het.

Die toets begin op die volgende bladsy.

AFDELING A

VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VERMISTE KINDERS

Elke ses uur raak 'n kind in Suid-Afrika vermis.

Bewusmaking kan baie help om te voorkom dat hulle statistieke word.



- 1 Soos baie tieners het die 15-jarige Grace* van KwaZulu-Natal dit geniet om mense op sosiale netwerke te ontmoet. Toe een van haar nuwe “vriende” vir haar geld, onafhanklikheid en die kans op 'n beter lewe aanbied, het sy ingestem om hierdie persoon te ontmoet. Sy het regtig geglo dit is 'n geleentheid vir haar. Sy het nie weer huis toe gekom na haar afspraak nie! 5
- 2 Grace is 'n paar weke later op straat gevind, danksy 'n veldtog deur Missing Children SA (MCSA), 'n organisasie wat in 2007 geloods is na die ontvoering en moord van Sheldean Human (7 jaar oud) van Pretoria en Annestacia Wiese (12 jaar oud) van Kaapstad. MCSA help die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) met nasionale bewusmaking van vermiste kinders en ondersteun hulle getraumatiseerde families. 10
- 3 Sedert die instelling van amptelike rekordhouding in 1994, is meer as 900 kinders, wat as vermis in Suid-Afrika aangemeld is, nog nie gevind nie.
- 4 Grace was een van die gelukkiges: sy was reeds tot prostitusie gedwing, maar sy het oorleef en kon berading ontvang en met haar familie herenig word. 15

- 5 Volgens syfers wat deur die SAPD se Buro vir Vermiste Persone vrygestel is, word 1 460 kinders elke jaar as vermis aangemeld. Van die 300 of meer sake wat MCSA elke jaar hanteer, word omtrent 87 persent binne 'n week opgelos, sê die nasionale koördineerder, Judy Olivier. Ongeveer 30 persent van kinders wat verlore raak, het verdwaal: hulle leef dalk in arm of oorbevolkte omstandighede; hulle het dalk nalatige of afwesige ouers; hulle word dalk na winkels gestuur wanneer hulle te jonk is om hulle pad terug te kry of hulle klim dalk in die verkeerde taxi op pad van die skool af huis toe. Hierdie is die kinders wat ontglip as gevolg van swak sosio-ekonomiese omstandighede en gebrekkige ondersteuningsdienste. 20 25
- 6 Kinders wat wegloop van die huis af, maak nog 'n verdere 30 persent van vermiste kinders uit – dit is gewoonlik kinders wat nie kan saamleef met huislike omstandighede nie. Hulle kan slagoffers wees van alkoholisme, dwelmverslawing, geweld, mishandeling en sien wegloop as die enigste oplossing. As 'n mens hierdie twee kategorieë in ag neem, is daar 'n groot getal kinders wat nie sou wegraak as hulle gesonder en veiliger huislike omstandighede gehad het nie. 30
- 7 Maar daar is ander kategorieë ook, waarvan die belangrikste ontvoering deur ouers of familie is. “Ons kom hierdie realiteit dikwels teë,” sê Olivier. “Die ouers is geskei of vervreemd en een van hulle neem die kind of kinders en verlaat die streek sonder die nodige toestemming.” 35
- 8 “Kinders wat deur vreemdelinge ontvoer word, maak net 2 tot 3 persent van ons gevalle uit, wat nie na baie klink nie. Maar een vermiste kind is een te veel. Mensehandel is 'n realiteit. 'n Klein dogtertjie het in 'n winkelsentrum in Pretoria vermis geraak. Haar ma het alarm gemaak en sekuriteitspersoneel het dadelik 'n soektog begin. Die kind is in die toilette gevind, bedwelmd, haar hare afgeskeer en met ander klere aan. Sy is verenig met haar familie, maar sonder sulke vinnige optrede kon dinge baie anders verloop het.” 40
- 9 MCSA moedig elke volwassene in die land aan om te glo dat “Jou kind is my kind om te beskerm”. “Indien jy weet dat 'n kind alleen tuis is of in gevaar verkeer, moet jy iets daaraan doen,” sê Olivier. “Die enigste manier waarop 45

ons 'n veilige omgewing vir elke kind in Suid-Afirka kan verseker, is as ons as volwassenes verantwoordelikheid neem vir alle kinders, nie net ons eie nie.”

* 'n *Skuilnaam*

[Aangepas en vertaal uit 'n artikel deur Catherine Eden in *Clicks ClubTydskrif*, 2012]

1.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom het die skrywer hierdie artikel geskryf?

- A Die skrywer wil ons bewus maak dat baie kinders in Suid-Afrika vermis raak.
- B Die skrywer wil ons bewus maak dat baie kinders geaffekteer word deur egskeidings.
- C Die skrywer wou fokus op die pligte van die Suid-Afrikaanse Polisie diens.
- D Die skrywer wou fokus op die pligte van die sekuriteitspersoneel in winkelsentrums. (1)

1.2 Waarom word die woord “vriende” (reël 2) tussen aanhalingstekens geplaas?

(2)

1.3 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter leesteken het die skrywer in paragraaf 1 gebruik om aan te dui dat dit 'n skok was dat Grace nie huis toe gekom het nie?

- A 'n Uitroepteken
- B 'n Asterisk
- C Hakies
- D Aanhalingstekens (1)

1.4 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Verwys na paragraaf 1.

Waarom het Grace besluit om die huis te verlaat?

- A Sy het gedink sy gaan 'n nuwe lewe begin.
- B Sy het nie met haar familie oor die weg gekom nie.
- C Sy wou nuwe mense ontmoet.
- D Sy het nie geld gehad nie. (1)

1.5 Verwys na paragraaf 4.

“Grace was een van die gelukkiges” (reël 14). Stem jy saam met die skrywer?
Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.6 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken die uitdrukking om te “ontglip” (reël 25) binne die konteks van hierdie artikel?

- A Dit beteken dat die stelsel gefaal het om die kinders op te spoor en te beskerm.
- B Dit beteken om doelbewus te ontsnap.
- C Dit beteken om die owerhede doelbewus te ontduik.
- D Dit beteken om weg te kruip. (1)

1.7 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die hoofgedagte van paragraaf 5?

- A MCSA is oorwerk en moet 300 sake per jaar hanteer.
- B Judy Olivier is die nasionale koördineerder van MCSA.
- C Kinders loop die risiko om vermis te raak.
- D MCSA doen goeie werk.

(1)

1.8 Verwys na paragraaf 5.

Dink jy die statistiek wat voorsien word, is betroubaar? Motiveer jou antwoord met inligting uit die teks.

(2)

1.9 Verwys na paragraaf 6.

Stem jy saam met die skrywer se stelling dat kinders “nie sou wegraak as hulle gesonder en veiliger huislike omstandighede gehad het nie”?

Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.10 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarna verwys die uitdrukking “mensehandel” (reël 40)?

- A Dit verwys na die gebruik van mense om dwelms te vervoer.
- B Dit verwys na die mense wat die verkeer reguleer.
- C Dit verwys na die ontvoering van klein dogtertjies.
- D Dit verwys na die handel in en verkoop van mense.

(1)

1.11 Verbind die volgende twee sinne deur die voegwoord ‘maar’ te gebruik.

Sosiale netwerke kan voordelig wees. Sosiale netwerke moet verantwoordelik gebruik word.

(1)

1.12 Die skrywer sê: “sonder sulke vinnige optrede kon dinge baie anders verloop het” (reël 44–45).

Stel voor wat kon gebeur het. Gee TWEE moontlikhede.

(2)

1.13 Daar word gesê dat die dogtertjie se hare afgeskeer is (reël 42–43).

Om watter rede was haar hare afgeskeer?

(2)

1.14 Verwys na die prentjie van die teddiebeer.

1.14.1 Sê hoekom die prentjie van die teddiebeer by die artikel gebruik is.

(1)

1.14.2 Verduidelik hoekom die teddiebeer in die prentjie 'n geskeurde gesiggie en net een beentjie het.


(2)

1.15 Watter raad sou jy gee aan iemand wat graag vriende op sosiale netwerke maak, nadat jy hierdie artikel gelees het?

Gee TWEE brokkies raad.

(2)

1.16 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae.



1.16.1 By watter ouderdomsgroep van kinders in Gauteng is die risiko die hoogste om vermis te raak?

(1)

1.16.2 By watter ouderdomsgroep van kinders in die Wes-Kaap is die risiko die laagste om vermis te raak?

(1)

[26]

VRAAG 2

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Seesonnet

O magtige oseaan, jy wydgestrekte,
Omsirkel deur die ongemetenheid,
Diep in jou boesem rus die onontdekte;
Alleen jou swaar gehyg verneem die tyd.
O nooitvermoeide see wat immer-woelend, 5
Getye reël na gange van die maan
En op die storm se stem ontstuimig spoelend,
Jou branders op die rotse stukkend slaan!
O eew'ge deining van die Grote en Magt'ge!
So dein die breed sterk stroom van volle lewe 10
In my klein hart. Ek nietigste Kristal,
Ek mag ook speel met glans van die ewig-pragt'ge.
Die skepping het ook my sy doel gegewe:
Een polsslag in die ritme van die heelal!

[Uit: *Gedigte*]

2.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die tema van die gedig?

- A Die vervulling van 'n droom
- B Die magtigheid van die oseaan
- C 'n Vakansie by die see
- D Die heelal

(1)

2.2 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken die woorde “diep in jou boesem rus die onontdekte” (versreël 3) in die konteks van die gedig?

- A Baie dinge onder die see is nog nie ontdek nie.
- B Die branders kom diep uit die see.
- C Baie skulpe spoel op die strand uit.
- D Die see is baie onstuimig.

(1)

2.3 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Identifiseer die beeldspraak in “Jou branders op die rotse stukkend slaan!” (versreël 8).

- A Personifikasie
- B Assonansie
- C Alliterasie
- D Vergelyking

(1)

2.4 “En op die storm se stem onstuimig spoelend” (versreël 7).

2.4.1 Watter **twee** dinge word met mekaar vergelyk?

(1)

2.4.2 Verduidelik die betekenis van versreël 7 deur na jou antwoord op vraag 2.4.1 te verwys.

(2)

[6]

VRAAG 3

3. Bestudeer die strokiesprent hieronder en beantwoord die vrae.



3.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Verwys na raampie 2:

Waarom word die woord "PATETIES!" in raampie 2 in hoofletters geskryf?

- A Die onderwyser wil sy swak prestasie beklemtoon.
- B Die onderwyser probeer snaaks wees.
- C Die onderwyser wil hom komplementeer.
- D Die onderwyser wil hom beledig.

(1)

3.2

3.2.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Kyk na die uitdrukking op die onderwyser se gesig in raampie 2. Dui aan watter gevoel oorgedra word.

- A Teleurstelling
- B Bekommernis
- C Hartseer
- D Woede

(1)

3.2.2 Verduidelik jou antwoord op vraag 3.2.1 deur te verwys na:

- A Die onderwyser se liggaamstaal
- B Sy gesigsuitdrukking

A _____

(1)

B _____

(1)

3.3 Lees die strokie en verduidelik die humor in raampie 3.

(2)

[6]

TOTAAL AFDELING A: 38

AFDELING B

VRAAG 4

- 4.1 In die artikel, *Vermiste Kinders*, in Afdeling A word gesê dat Grace dit geniet om mense op die Internet en sosiale netwerke te ontmoet.

Skryf die afkorting “www” in www.vermistekinders.com voluit neer.

_____ (1)

- 4.2 MCSA ondersteun die getraumatiseerde families.

Verander die bostaande sin na die lydende vorm.

Begin soos volg:

Die getraumatiseerde families _____

_____ (2)

- 4.3 Olivier het gesê: “Ons kom hierdie realiteit dikwels teë.”

Verander die bostaande sin in die indirekte rede.

Begin soos volg:

Olivier het gesê dat _____

_____ (2)

4.4 Skryf die hoofsin van die volgende saamgestelde sin neer:

Alhoewel die polisie onmiddellik 'n uitgebreide soektog begin het, is die ontvoerde kind steeds nie gevind nie.

(1)

4.5 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die jong kind is nog nie gevind nie.

Kies die korrekte woordsoort vir die onderstreepte woord.

A Abstrakte selfstandige naamwoord

B Hulpwerkwoord

C Byvoeglike naamwoord

D Voornaamwoord

(1)

4.6 Skryf die meervoudsvorm van "realiteit".

(1)

4.7 Skryf 'n sinoniem vir die onderstreepte woord in die volgende sin:

"Hierdie is kinders wat vermis raak as gevolg van swak sosio-ekonomiese omstandighede en gebrekkige ondersteuningsdienste."

(1)

4.8 Verbind die sinne hieronder om 'n saamgestelde sin te vorm. Gebruik 'as' om die sinne te verbind.

Jy kan nie jou kind betyds by die skool oplaai nie. Jy moet 'n boodskap aan jou kind stuur.

(2)

4.9 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Verwys na paragraaf 8 van die artikel *Verlore Kinders* in Afdeling A.

Wat is die onderwerpsin in paragraaf 8?

- A Kinders wat deur vreemdelinge ontvoer word, maak net 2 tot 3 persent van die sake uit.
- B Mensehandel is 'n realiteit.
- C 'n Klein dogtertjie het in 'n winkelsentrum in Pretoria vermis geraak.
- D Sy is verenig met haar familie, maar sonder sulke vinnige optrede kon dinge baie anders verloop het.

(1)

4.10 Die volgende paragraaf het VYF foute.

Skryf die paragraaf oor, korrigeer en onderstreep die foute.

Baie kinders is te gemaklik op die gebruik van sosiale netwerke en word ontvoer deur mense wat hulle 'n beter lewe beloof. 'n Ontvoerde kind verkeer in groot gevaar indien hy/sy nie binne die eerste 48 uur gevind word nie. Een van die kinders is eers agter 'n jaar gekry. Grace het gesê: "Ek het mense maklik vertrou. Ek in die toekoms versigtiger wees."

(5)

[17]

TOTAAL AFDELING B: 17

AFDELING C

VRAAG 5

Kyk na die prente op die volgende bladsy. Kies EEN van die prente en skryf 'n opstel van 120–150 woorde lank.

- Skryf die nommer van die prentjie wat jy kies, neer.
- Voorsien jou opstel van 'n gepaste titel.
- Doen die beplanning van jou opstel in die raampie voorsien.
- Skryf jou finale opstel in die spasie voorsien.
- Jy het 45 minute om hierdie vraag te voltooi.

Jou opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

- Beplanning en aanbieding
- Lengte en struktuur
- Oorspronklikheid en doeltreffendheid van idees
- Register/styl/toon
- Taal, woordeskat, spelling en punktuasie
- Toepaslikheid (hou by die onderwerp)

5.1



OF

5.2



BEPLANNING

(20)

VRAAG 6

Een van jou vriende het vermis geraak.

Skryf 'n dagboekinskrywing waarin jy jou gedagtes en gevoelens oor hierdie gebeurtenis uitdruk.

- Jou dagboekinskrywing moet 80–100 woorde lank wees.
- Doen die beplanning van jou dagboekinskrywing in die raampie voorsien.
- Skryf jou finale dagboekinskrywing in die spasie voorsien.
- Jy het 30 minute om hierdie vraag te voltooi.

Jou dagboekinskrywing sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

- Beplanning, formaat en lengte
- Oorspronklikheid en doeltreffendheid van idees
- Register/styl/toon
- Taal, woordeskat, spelling en puntuasie
- Relevansie (hou by die onderwerp)
- Vermoë om emosie oor te dra

BEPLANNING

A large rectangular box containing 15 horizontal lines, intended for writing answers.

(10)

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 85